**Maandag 18 September**
**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 4:6-16**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 4:15**
**Leef in alles wat die Woord leer**

In die volgende drie dagstukkies gaan ons gesels oor dualisme. Letterlik beteken dualisme iets soos ’n “tweeslagtigheid”. As filosofiese term dui dualisme veral op die verhouding tussen stoflike of liggaamlike sake teenoor geestelike sake.

Die eeue-oue dwaalleer van die Gnostiek, waarvan die beginspore duidelik in verskeie Bybelboeke bestry word, beklemtoon byvoorbeeld die onderskeid tussen die liggaamlike, of stoflike, en die geestelike. Gnostiek argumenteer dat die stoflike/liggaamlike ondergeskik en minderwaardig is aan die geestelike. Die Skeppergod is daarom ’n laer wese as die Heilige Gees. Wat jy met jou liggaam doen, is ook nie belangrik nie, solank jou gees net gesond is.

Jesus se groot tema was die Koninkryk van God (Mark. 1:15). ’n Dissipel van Jesus word geroep om daagliks sy/haar hele lewe onder Jesus se koningsheerskappy te plaas. Ons word geroep om met integriteit te leef, met ander woorde, elke deeltjie van my bestaan staan onder Jesus as Koning en onder sy Woord as my gesag.

In 1 Timoteus 4:6-16 roep Paulus vir Timoteus op om sy roeping met integriteit uit te leef. Sonder kos en oefening sal ons liggaamlik agteruitgaan. Timoteus moet sy hele lewe voed met die woorde van geloof en die leer wat hy ontvang het (4:6). Hy moet homself oefen in die Godvresenheid (4:7), wat beteken dat hy God moet respekteer en verreken in alles wat hy doen. Hede en toekoms is immers alles deel van een ewige lewe (4:8). Dualisme tussen woord en gedrag en tussen liefde en reinheid is nie ’n opsie nie (4:12). Ja, Timoteus moet die gesonde leer leef in alles wat hy doen (4:15-16).

Sing nou Psalm 139:1,12 as gebed en vra die Gees om vir jou te wys watter dele van jou lewe nie onder Jesus se heerskappy is nie. Bely laasgenoemde. Hy sal vergewe. Kies Hom as jou lewe!

*Sing: Psalm 139-1:1, 12*
*Dr. J Pretorius (Jacob) (Linden)*